# JEUGLES: Gebedsaand

## 1. <u>PRAISE AND WORSHIP</u>

## 2. <u>YSBREKER</u>:

- Elke groep kry ‘n sakkie met ‘n klompie kaartjies in, die kinders moet elke kaartjie op een van die twee paai op die vloer sit – Nou pad en die wye pad.
- Joh 14:16 en Spr 14:12

## 3. We are young – Liedjie

Vir baie van julle gaan die lewe op hierdie stadium oor wat vir jou lekker is, en wat jy geniet. Jonkwees hou egter nie vir altyd nie, en daar kom ‘n tyd wat mens jouself ‘n paar belangrike vrae moet begin vra. Vrae wat, so hoop ons, jou lewe gaan verander soos jy dit nou ken. Om hierdie verandering te kan maak is dit egter belangrik dat ons eerlik en reguit met mekaar begin praat. Ons gaan die liedjie “We are young” speel, luister mooi na die woorde en kyk mooi na die video, want ons gaan so bietjie daaroor gesels.

## <u>Vrae in die groepe:</u> “We are young”

**3.1 Wat is die gevoel wat jy kry wanneer jy na hierdie video kyk?**
(chaos, en dit laat jou naar voel. Party sal sê fun, maar dis beslis nie wat ons soek nie)

**3.2 WAT kry ons op die “We are young” pad?**
(seks, drank, dwelms, bevrediging van eie behoeftes ens)

**3.3 Kan ‘n mens op hierdie pad ‘n verhouding met God hê? Hoekom / nie?**
(Nee, want op hierdie pad is daar nie plek vir God en wat HY wil hê nie, maar net wat JY wil hê)

**3.4 Waarheen lei die “We are young” pad?**
(Weg van God, na die hel toe)

**<u>Sê</u>**: Ek weet nie of dit wat ons vanaand gesê het vir jou saakmaak en of jy dit glo nie.
Meeste van julle sal hier uitstap en maar net weer aangaan met dit wat julle doen. Ons glo en vertrou egter dat daar tog vanaand van julle sal wees wat sal dink oor die pad waarop jy is, en waarheen dit jou gaan neem as jy nie êrens besluit om ‘n U-turn te maak nie.

**<u>Bid:</u>** Ons gaan nou vir julle kans gee om met die Here te gesels oor die pad waarop jy op die oomblik is. As jy onseker is kyk net na die 2 paaie op die vloer en jy sal weet waar jou pad gaan eïndig. As jy met die Here daaroor wil praat is dit nou jou kans, as jy tevrede is met die pad wat jy stap en waar dit gaan eindig dan sit jy rustig stil en gee die ander kans om te bid.

## 4. GELOOF

## Groepwerk:

- Lees in die groepe: Matt 11:2-6
- Hoekom dink julle het Johannes gewonder wie Jesus was?
- Watter antwoord dink julle het hy verwag?
- Wie glo JY is Jesus? Hoekom glo jy dit?

Partykeer is dit vir ons moelik om te glo, veral wanneer ons deur moeilike tye gaan. Maak ‘n lysie van wat jou sal help om te glo, deur maklike en moeilike tye en vra die Here om jou te help om te glo, VERAL wanneer dit moeilik gaan.

## 5. OM JESUS TE VOLG

### Groepwerk:

- Lees in die groepe: Matt 4:18-22
- Maak ‘n lys van die goed wat die dissipels moes los om Jesus te volg
- Hoekom dink julle het hulle alles net gelos en Jesus gevolg, dis tog ‘n besluit wat hulle hele lewe verander het?

Leiers sny voor die tyd ‘n skoen vir elke kind uit, gee dit nou vir die kinders saam met ‘n pen en backingbord. Dink bietjie oor die volgende 2 vrae, en skryf dit op jou skoen neer: Wat moet jy los om Jesus te kan volg? Wat sal dit in JOU lewe beteken om Jesus te volg, m.a.w. wat sal moet verander? Gebruik nou hierdie tyd om daaroor te bid. As jy voel jy wil vanaand jou hart vir Jesus gee, dan sê jy na die tyd vir jou leier.

## 6. SLUIT AF MET GEBED EN DEEL SELFONE UIT